

26 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 56 en 57 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 56:1-7

Kerkbou in die Ou Testament

Hoofstukke 56 tot 66 bestaan uit profesieë van verskillende aard. Hulle het nou meer betrekking op Jesaja se eie tyd as op die Babiloniese ballingskap en die verlossing daaruit. Jesaja teken die eerste trekke van die Nuwe-Testamentiese sendingopdrag van ons Here Jesus Christus: Gaan maak dissipels van alle nasies.

In hierdie gedeelte sien ons hoe die middelmuur van skeiding afgebreek word. In die tempel is daar nou ook plek vir uitlanders en ontmandes. Die tempel word nie meer 'n offerhuis genoem nie, maar "huis van gebed". Dit gaan nou om aanbidding in gees en in waarheid en is nie meer beperk tot Israel of tot die tempel in Jerusalem nie.

Seënryke beloftes word gegee aan almal wat hulle tot God bekeer: "Welgeluksalig is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou; wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en sy hand terughou, dat dit geen kwaad doen nie. En laat die uitlander wat hom by die HERE aangesluit het, nie spreek en sê: Die HERE sal my gewis afskei van sy volk nie; en laat die ontmande nie sê: Kyk, ek is 'n droë boom nie. Vir elkeen wat terneergedruk is, is daar troos: Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees ... Ek sal nie vir ewig twis en nie vir altyd toornig wees nie ..."

So bou Hy sy kerk. Maak jou vandag diensbaar aan hierdie profesie.

Sing: Psalm 24:2

Ds. FJ (Francois) du Toit Lessing (Emeritus)